OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 11 JANUARIE 2020 OM 08:30 TE BRANDERSTRAAT, OESTERBAAI

TEENWOORDIG
Walter Kurten
Adriaan van Wyk
Fanie Groenewald
Martiens Kunneke
Otto Pepler
Joe Meyer
Riekie Pienaar
Hettie Jooste

1 OPENING & VERWELKOMING
Walter open vergadering met gebed en heet almal welkom.

2 VERSKONINGS
Lana Pepler

3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULES
Die notule van die vergadering gehou op 26 November 2019 word aanvaar en goedgekeur – Riaan stel voor, Fanie sekondeer.

4 PRIORITEITE VIR 2020
Dieselfde proriteite as 2019 bly steeds van krag met die saal en ablusieblok by die strand as die belangrikste. Prioriteite vir 2020 sal aan IDP gekoppel word en Joe sal die IDP en lys van herstelwerk by die saal opdateer en versprei.
AKSIE: JOE

5 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

5.1 Omgewingsake
Joe rapporteer die volgende:
Alle werk aan die duine is voorlopig gestaak nadat Tommie Bornman 'n klag by DEDEAT gelê. Frank Silberbauer sal 'n verslag aan DADEAT stuur. Indien daar nie binnekort terugvoer of verdere verwikkelinge is nie sal Joe binne die volgende 2 weke vertrek en terugkom sodra terugvoer ontvang word. 'n Afvaardiging van die Munisipaliteit het op 23 Desember 2019 die werk sovêr kom evalueer waarna positiewe terugvoer aan Joe gegee is.

Die manier waarop Tommie die beswaar aangeteken het en die lasterlike aanmerkings in die brief, grens aan laster. Die vraag word geopper of dit die amptelike standpunt van die NMMU is, aangesien 'n briefhoof van die Universiteit gebruik is. Dit word besluit om skriftelik die stand van sake van die Rektor van die Universiteit te verneem.
AKSIE: JOE EN FANIE

Kouga Munisipaliteit bly steeds verantwoordelik vir verdere instandhoudingswerk aan die duine en die oophou van die Slangriviermond.

Joe lig die vergadering in van 'n dagvaardiging wat ontvang is van Kouga Plant and Civils vir toerusting wat deur Eddie Oosthuizen, namens die Munisiplaiteit, gehuur is in 2016. Die

OIV gaan die eis teenstaan. Joe sal binne die volgende week 'n afspraak maak met Spangenberg Prokureurs om die saak namens die OIV te hanteer.
AKSIE: JOE

Adriaan lig die vergadering in van die klaarblyklike onwettige laai en wegry van sand vanaf munisipale grond en die sluit van die straat met 'n hek deur Buck Breytenbach in Palingstraat. Joe onderneem om ondersoek in te stel.
AKSIE: JOE

5.2 Watervoorsiening

Otto doen verslag:
Danksy die harde werk en vooraf beplanning van die watermanne en die aansienlike minder vakansiegangers gedurende die afgelope vakansie het die verskaffing van water baie goed verloop en daar was geen probleme nie.
Om die manne te bedank het Otto hulle beloon met 'n lekker braai, 'n t-hemp aan elkeen geskenk en 'n foto is geneem wat op die Whatsapp groep versprei word om hul te bedank.
AKSIE: HETTIE

Wat die toekoms aanbetref, het Willie Botha bevestig dat daar geld beskikbaar is vir die opkoppel van die 2 nuwe boorgate en opgradering van die sump.
Die ou boorgate se lewering het verswak, maar is stabiel.
Een van die fonteine lewer tans geen water nie aangesien die water verbyloop. Die area sal skoongemaak word en sandsakke sal gepak word. Joe onderneem om dit aan te spreek.
AKSIE: JOE

5.3 Paaie

Die algemene toestand van die paaie in die dorp is goed.

Tydens die AJV was daar versoeke dat daar in verskeie strate spoedwalle aangebring word. Joe stel voor dat sementwalle aangebring word en hy onderneem om dit met KM se verkeersafdeling te bespreek en die nodige toestemming te kry.
AKSIE: JOE
Kommer word uitgespreek oor die tekort aan verkeerstekens in die dorp. Hettie het dit reeds gedurende Desember aan die verkeersafdeling gerapporteer, maar het geen terugvoer ontvang nie – sal weer opvolg en Joe onderneem ook om dit ook met die verkeersafdeling te bespreek.
AKSIE: HETTIE/JOE

5.4 Finansies

Martiens versprei die finansiële state soos op 5 Januarie 2020.
Totale Inkomste: R42 340.00
Totale uitgawes: R12 112.33
Netto oorskot: R30 227.67

Kontreimark eindig met tekort van R2331, maar dit is hoofsaaklik veroorsaak deur die onbeplande R2000 donasie aan NSRI ten opsigte van die gebruik van die tent.

Joe kry toestemming om R2000 te spandeer aan arbeid vir die pak van die laaste takke op die duinrandte.

Otto en Martiens onderneem om weer 'n fondsinsamelingsprojek aan te pak.
AKSIE: OTTO/MARTIENS

5.5 Gemeenskapsaal

- Adriaan rapporteer dat die saal vir 5 dae bespreek is vir die opleiding van EWP werkers in pluimveeboerdery.
- Die behoefte aan 'n stofsuier en die aankoop van 'n stoof word weer beklemtoon. Martiens en Walter sal opvolg. Sodra daar 'n stoof beskikbaar is kan 'n poging aangewend word om die saal te bemark.
  AKSIE: MARTIENS/WALTER
- Die geute by die saal moet verwyder word aangesien dit nou gevaarlik raak.
  AKSIE: JOE
- 'n Konsep huurooreenkoms is deur Walter aan Martiens en Hettie gestuur vir kommentaar.
  AKSIE: MARTIENS/HETTIE
- Frank Tamboer het intussen 'n afskirf gevra van die huurooreenkoms tussen KM en die OIV en die lank uitstaande diensooreenkoms sal hopelik nou bekom word. Hettie sal voortdurend met hom opvolg. Daar sal ook vasgestel moet word wie regsaanspreeklik is, indien iemand beseer word vanweë strukturele gebreke aan die saal, tydens verhuring.
  AKSIE: HETTIE
- Lys met behoeftes vir herstelwerk by die saal sal aan Frank Tamboer gestuur word.
  AKSIE: HETTIE

5.6 Afvalstortingsterrein

Die bestuur van die terrein het redelik vlot verloop gedurende die afgelope vakansie en die verantwoordelike werkers en voorman moet bedank word. Dit moet ook aan hulle bestuurspan by KM gekommunikeer word.
AKSIE: HETTIE/LANA

Die sluit van die hek na-ure en oor naweke bly steeds 'n probleem.

- Fanie stel voor dat van die blou dromme voor die hek aangebring word.
- Die moontlikheid dat 'n sleutel vir die hek bekom word en dat een van die komiteelede die hek dan bietjie later gaan sluit of dat die hek gedurende spitstyd heeltemal oopgelos word, word ook bespreek.

5.7 Umzamowethu

Adriaan was as gevolg van siekte en ander verpligtinge nie aktief betrokke by Umzamowethu die afgelope vakansie nie en hy bevestig weer dat daar 'n groot toeloop van besoekers was en dat daar 'n invloei van baie vreemdelinge is.

Die Living Ubuntu Creche sal eersdaags hul deure open en kommer word uitgespreek oor die lewensvatbaarheid van die bestaande creche. Toedrag van sake sal gemonitor word.
AKSIE: ADRIAAN

5.8 Brandweer

Brandblussers is weer deur die brandweer verskaf vir gebruik tydens die Kontreimark en Riekie word gevra om hul amptelik te bedank.

AKSIE: RIEKIE

Die betrokkenheid van die NSRI tydens brande in die omgewing word opreg waardeer.

5.9 Kommunikasie/Nuusbriewe

Fanie spreek kommer uit oor die herhaaldelike advertensies wat op die WhatsApp groep uitgestuur word en stel voor dat 'n advertensiefooi gehef word. Daar word teen dié voorstel besluit en Hettie sal hierdie advertensies in die toekoms beperk en volgens goeddinke hanteer.

5.10 Biblioteek

Martiens se skoonseun, Conrad, word bedank vir sy hulp met die aanbring van ekstra rakke in die biblioteek.

5.11 Diereprojek

Adriaan bevestig dat Dr Barker nie meer in die toekoms enige diens sal lewer in Umzamowethu nie.

'n Staatsveearts, Dr Kriel, is aangestel en sal, in samewerking met die DBV maandeliks besoek aflê in Oesterbaai. Adriaan sal 'n afspraak maak om die probleme te bespreek.

AKSIE: ADRIAAN

Fanie stel voor dat hulp gekry word vir Adriaan. Adriaan noem dat hy iemand van Umzamowethu geïdentifiseer het vir dié doel. Mense met probleemdiere moet, in samewerking met die DBV en wetstoepassingsbeamptes, besoek word en die probleme aangespreek word.

AKSIE: ADRIAAN

5.12 Kontreimark

- Die Kontreimark was, ten spyte daarvan dat Die Windmeul se aandeel nie 100% op standaard was nie, 'n groot sukses.
- Die betrokkenheid van buite-uitstallers word bespreek. Dit word besluit om met die reëling voort te gaan.
- Die moontlikheid van 'n pretdag in die toekoms sal ook oorweeg word.
  AKSIE: FANIE/RIEKIE
- T-hemp/petprojek word in die vooruitsig gestel. Fanie sal begin kyk na 'n nuwe "logo". Hettie sal voorlopig navorsing doen.
  AKSIE: FANIE/RIEKIE/HETTIE

5.13 Kersdiens

Kersdiens het goed afgeloop – heelwat minder mense as in die verlede. Kollekte beloop R11 210.

Predikant vir 2020 diens moet vroegtydig gereël word en die waarskynlikheid bestaan dat dit teen betaling sal geskied. Prop Fairbrother sal genader word.

AKSIE: HETTIE/WALTER

5.14 Algemene Jaarvergadering

Die Algemene Jaarvergadering het op 19 Desember plaasgevind en het goed afgeloop - heelwat meer mense as verlede jaar het dit bygewoon.

5.15 Bestuurskomitee 2020

Riekie is weer eenparig herkies as komiteelid.
Walter het reeds vir Marie Oosthuizen genader as 'n moontlike addisionele lid en hy onderneem om haar weer te kontak.
AKSIE: WALTER

5.16 Grondwet

Die voorgestelde veranderings aan die grondwet is tydens die AJV goedgekeur. Hettie sal dit met Krisjan Korf bespreek om finale afronding te doen en hom vra om die Engelse weergawe ook aan te pas.
AKSIE: HETTIE

6 NUWE SAKE

6.1 Inligtings-/straatborde

Fanie spreek sy kommer uit oor die tekort aan inligtings- en straatnaamborde – veral Kabeljoustraat waar daar geen bord is by die kruising met Oesterlaan nie. Die moontlikheid om inligtingsborde van Toeristedepartement te bekom word genoem en Fanie en Hettie sal opvolg.

Die tekort aan padtekens, veral spoedbeperkingtekens, is ook 'n groot problem. Die Verkeersdepartement sal in die verband genader moet word.
AKSIE: FANIE/HETTIE

6.2 Lexintonlaan

Tydens die AJV was daar klagtes oor dié paadjie – die huiseienaars aan weerskante van die paadjie voel dat daar inbreek gemaak word op hul privaatheid. Hettie het reeds navraag gedoen en daar is bevestig dat dit as "Openbare Oopruimte Zone 1" gesoneer is. Hierdie grond val onder die Departement Gemeenskapsontwikkeling en Hettie onderneem om verder navraag te doen oor die regulasies rakende hierdie ruimte. Die komitee besluit egter dat die paadjie moet bly en dat die OIV sal voortgaan om dit te onderhou.
AKSIE: HETTIE

6.3 Wetstoepassing Desembermaand

Die totale afwesigheid van enige wetstoepassing gedurende Desembermaand bly steeds 'n groot probleem. Baie klagtes word ontvang rakende spoedoortredings, onwettige voertuie op die strand, loslopende honde, ens. Die probleem sal vroegtydig met Departement Omgewingsake en Wetstoepassing bespreek word sodat daar gedurende Desember 2020 die nodige teenwoordigheid van wetstoepassers kan wees. Die aanstelling van 'n Vredesbeampte mag van groot hulp wees.
AKSIE: FANIE/HETTIE

6.4 NSRI en Lewensredders

Die NSRI het gedurende die afgelope seisoen alle kommunikasie en reëlings rakende die lewensredders hanteer en hul hulp in hierdie verband word baie waardeer. Daar was ook

deurentyd baie goeie kommunikasie van Lodewyk se kant af oor die stand van die veiligheid op die strand en in die see.

Die belangrikheid van 'n goeie verhouding tussen die NSRI en OIV word deur Otto beklemtoon en dit is in belang van Oesterbaai se inwoners dat daar goeie samewerking moet wees tussen hierdie twee organisasies. Die noodsaaklikheid van 'n vergadering word bespreek en word in die vooruitsig gestel vir die nabye toekoms.
AKSIE: KOMITEE

7 ALGEMEEN

Otto lig die vergadering in dat hy 'n vergadering gehou het met Kobus de Meyer, Henk Bloem en Paul Jooste rakende die Omgewingsverrykingsprogram – Herman Stoffberg en Bowen Schelingerhout was ongelukkig nie beskikbaar nie.

- Die strategie is bespreek en daar is 3 fokusareas geïdentifiseer nl. see, dorp en groenstroke. Daar sal navorsing gedoen word oor moontlike maniere waarmee 'n inkomste gegenereer kan word, bv. die aanlê van staproetes, moontlik sprekers om gedurende piekseisoen oor interessante onderwerpe te praat, voëlkykareas, ens.
- Die moontlike aanstelling van 'n Vredesbeamte sal ook ondersoek word aangesien so 'n persoon behulpsaam kan wees met wetstoepassing.
- Die aanbring van inligtingsborde op die strand word ook in die vooruitsig gestel.

8 VOLGENDE VERGADERING

Sal gekommunikeer word.

9 AFSLUITING

Walter bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname en die vergadering verdaag.

.....
GOEDGEKEUR
VOORSITTER

.....
PP **SEKRETARESSE**

DATUM: 13-11-2020